BERG-EN-SEEKLUB VIR SENIOR BURGERS

BYEENKOMS: **Donderdag, 3 Maart**
TYD: **09:30 vir 10:00**
PLEK: **Kerk**

Dr **Annie Lombard**, mediese praktisyn (het self Covid gehad) is die spreker.
Sy praat oor die Helderberg Hospitaal en spesifiek hulle belewenis en hantering van die pandemie.
Die sangeres, **Marian du Plessis** sal optree. Sy is nuut in die omgewing, maar het reeds meer as een CD uitgereik.
Ds Dinant Zwemstra (Geref. kerk) sal die Skriflesing waarneem.
Almal hartlik welkom!!!

Manne Reisgesprek

Vrydagoggende
Weekliks volgens die kalender
Volgende geleentheid:

4 Maart 2022

Koffie 05:15 Gesprek 05:30

Ons behandel James Bryan Smith se ***"The Good and beautiful God"***.

Dienende Hande se dames is op soek na klein glasbotteljies (340g ens.) met of sonder deksels (hulle sal deksels aankoop vir die botteltjies sonder deksels) vir ingelegde vrugte/groente en konfyt ter voorbereiding van die Mini-Mark wat op 9 April plaasvind. Botteltjies kan by die kerkkantoor afgegee word.

HELDERBERG UITREIK: BRIGHT LIGHTS

Bright Lights het 'n groot behoefte aan rekenaartoerusting. Daar is ongeveer 9 seuns wat om verskeie redes nie in 'n hoofstroom skool geplaas kan word nie en daar word gepoog om aan hierdie seuns basiese rekenaaropleiding te gee. Dit sal hulle selfvertroue opbou en hulle die gevoel gee dat hulle ook "skool gaan".
As daar gemeentelede is wat "ou" rekenaartoerusting soos skootrekenaars, staantipe rekenaars, rekenaarskerms, sleutelborde, muise of enige ander rekenaarkomponente (in 'n werkende toestand) het wat hulle vir die seuns beskikbaar kan stel, sal dit 'n groot verskil in hierdie seuns se lewens maak.
Vir verdere inligting is u welkom om met my te skakel.
Annemarié Hollenbach 082 784 8841

BYBELSTUDIE STORMHAVEN PARK

10 + 24 Maart 2022 om 10:00
Koördineerder: Coenie Basson – 082 552 1850

Kategese

- Junior kategese (voorskool tot graad 6) tydens die erediens in die kerksaal.
- Senior kategese na die erediens in die onderskeie lokale in die kerksaal.

Junior kategese: 27 Feb: Om die doel te dien

Wat is die doel van die Amazing Race? (Christen Wedloop)
Anders gestel? Wat is die doel van jou lewe? Beslis een van die grootste en moeilikste vrae om te beanwoord. Die antwoord kom as 'n openbaring uit die Bybel. Jou doel is om die Here beter en beter(der) 😊 te leer ken en die vreugde daarvan te geniet, om te behoort aan God se familie sodat ons saam die avontuur wat ons lewe noem, kan meemaak. Om al meer soos Jesus te word en jou lig te laat skyn. Om deur wie jy is deel te neem in die koms van God se Koninkryk.
Sondag se junior kategese wil kinders help om die Here meer te geniet (verheerlik) en om ander te help. 1 Korintiërs 9:26: "Ek hardloop dan ook soos een wat nie van sy doel onseker is nie…"

PROGRAM: KATEGESE vir JUNIOR FASE (Voorskool tot graad 6)

Datum	Aanbieding	Aanbieder
27 Feb	Om die doel te dien	Merizle
06 Mrt	Bekendstelling: Aerobiese oefenklas	Hennie
13 Mrt	Oefen saam met die span	Suzelle
10 Apr	**Gesinsdiens**: Amazing Race - Paasfees	Werner
24 Apr	Woord-vitamines	Merizle
08 Mei	Strek- en asemhalingsoefeninge	Hennie
15 Mei	Asem in, asem uit!	Suzelle
22 Mei	Hou jou voete fiks	Merizle
29 Mei	Pinkster	Aanbieders
05 Jun	Pinkster	Aanbieders
12 Jun	Pinkster	Aanbieders
24 Jul	**Gesinsdiens**: Amazing Race	Werner
31 Jul	Bekendstelling: Menslike hindernisbaan	Hennie
14 Aug	Hou by die reëls	Suzelle
21 Aug	Ken jou opponent	Werner
28 Aug	Trek aan vir aksie!	Merizle
04 Sep	Hindernisse in die pad	Hennie
11 Sep	Vat vlam!	Suzelle
18 Sep	Bekendstelling: Mini Olimpiese Spele	Merizle
25 Sep	Opgee is nie 'n opsie nie!	Hennie
16 Okt	**Gesinsdiens**: Amazing Race	Werner
23 Okt	Comrades kampioene	Suzelle
30 Okt	Sien die skare	Merizle
06 Nov	Wanneer die eindfluitjie blaas	Hennie
13 Nov	Prysuitdeling	Suzelle
20 Nov	**Gesinsdiens**: Kategese afsluiting en kersfees	Werner